

# DIE KERKBODE AS PRIMÈRE BRON VIR KERKHISTORIESE NAVORSING 1860-1883

J.J. Lubbe<sup>1</sup>

## OPSOMMING

Hierdie artikel wil die noodsaak van 'n kontekstuele en teologies-kritiese vertolking van *Die Kerkbode* as primêre bron vir kerkhistoriese navorsing in die geskiedenis van die NG Kerk, ondersteep. Die lewensverhaal en selfverstaan van die tydskrif in drie opeenvolgende periodes word bespreek. Dit is nie 'n oorsig van die inhoud nie, maar waag 'n tipering van die karakter van *Die Kerkbode*. Die fokus val op enkele teologiese strominge en ontwikkelinge wat in *Die Kerkbode* gereflekteer is. Die gevolgtrekking is dat die tydskrif 'n goeie beeld bied van wat in die NG Kerk geleef het, maar dan wel deur die oë van diegene wat nou met *Die Kerkbode* gemoeid was.

## SUMMARY

One of the primary sources of research into the history of the Dutch Reformed Church, is *Die Kerkbode*, official organ of this church. In this article the author stresses the need for a contextual and theological interpretation of the source. To serve that purpose, three successive periods in the history of *Die Kerkbode* were selected. Some of the major theological trends and developments which have been reflected in it, will be discussed. It does not try to summarize the content of *Die Kerkbode* in this particular period, but rather focuses on the story of this source itself - in an effort to define its character and selfconcept. The article concludes that it is possible to get a proper picture of the spirit of the Dutch Reformed Church in that time, bearing in mind that it is a picture through the eyes of those who were closely involved with *Die Kerkbode*.

1 Prop J.J. Lubbe Dept. Ekklesiologie Fakulteit Teologie Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 7600

## 1. PROBLEEMSTELLING

Die gebruik van *Die Kerkbode* as primêre bron vir navorsing in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk (NGK), klink vanselfsprekend. Dikwels egter, ontbreek 'n kerkhistoriografiese verantwoording oor dié bron opsigself. Te maklik word op die indeks af tematies na relevante stof gesoek, en word met die bron asof "leweloos" omgegaan.

Hierdie artikel wil aantoon dat die tydskrif wat in 1849 as *De Gereformeerde Kerkbode* (GKB) ontstaan het, daarna as *De Christen* (DC), *De Kerkbode* en sedert 1933 as *Die Kerkbode* bekend was, 'n eie lewensverhaal het. 'n Verhaal wat bepalend is in die vertolking van dit wat in die tydskrif te lees was. Daarby moet die aard van die tydskrif ook nie uit die oog verloor word nie. Dit het van meet af aan 'n godsdienstige strekking gehad en wou 'n kerklike saak dien.

In dié opsig bestaan daar nog weinig sekondêre bronne wat 'n navorser aan die hermeneutiek van hierdie teks kan help. TN Hanekom (1977) bied 'n oorsig en waardevolle historiese gegewens oor *Die Kerkbode* (1849 tot 1949), maar het nie 'n theologiese evaluering ten doel gehad nie.<sup>2</sup> Sy reeks is steeds die standaardwerk oor dié tydskrif. Brand (1971) fokus op *Die Kerkbode en die Raad van Kerke*, en vertrek vanuit die standpunt dat dié tydskrif "uit eie keuse naby aan die kerk gestaan en in feite die stem van die kerk" was (p. 1). Op dié twee bronne berus NJ Hanekom (1983) se aannames wanneer hy die "beeld van 'n kerk" soos deur *Die Kerkbode* geprojekteer, ondersoek. Daarvoor koncentreer hy op die inleidingsartikels vanaf 1970, en gebruik die kerklike praxis as toetssteen vir dié beeld. Die lywige proefskrif (783 bladsye!) wat onlangs aan prof. Bun Booyens nóg 'n doktorsgraad besorg het, het 'n kultuurhistoriese blik op die omvangryke inhoud van *Die Kerkbode* gegee. Hy gee nie oor die sendinggeskiedenis, openbare onderwys en die teologie "rekenskap" nie, aangesien dit tereg "as navorsingstemas in eie reg" beskou word (Voorwoord). Maar hierdie erkenning is terselfdertyd 'n doodsteek: Booyens bestryk te maklik die tydperk tot 1923 met die naam *De Gereformeerde Kerkbode*. Die naamwysigings na *De Christen* en *De Kerkbode* spreek boekdele van die tydskrif se "selfverstaan" - en dit kom eers behoorlik uit die verf wanneer dié godsdienstige teks

<sup>2</sup> Oorspronklik as 4 huldigingsartikels in *Die Kerkbode* om die eeufeesviering te herdenk (1949).

kontekstueel en teologies vertolk word.

## 1. ENKELE INLEIDENDE OPMERKINGS

In 'n bydrae hiertoe, gaan die artikel op die tydperk 1860 tot 1883 in. Dit verteenwoordig drie fases in die lewensverhaal van *Die Kerkbode*. In 1860 staan die NGK in die branding van die stryd met die sogenaamde liberale dominees, veralwanneer hul tydskrif, *De Onderzoeker*, die lig sien. Dit was ook die jare van die "herlewings" in verskeie Kaapse gemeentes. Die tydperk eindig met 1883, die jaar toe die Sinode besluit om deur toesig en eienaarskap volle verantwoordelikheid vir sy "officieel orgaan" te aanvaar. Die GKB is wel reeds in 1852 deur die Sinode as amptelike orgaan "onzer Kerk" aangeneem, wat beteken het dat amptelike kennisgewings 'n vaste rubriek in die blad sou wees<sup>3</sup>, en "dat voor Synodale rekening een exemplaar aan elke Kerkraad wordt toegezonden".

Die artikel wil verder aantoon dat, word die inhoud en lewensverhaal van die GKB en DC in dié tydperk kontekstueel en teologies-krities vertolk, dit wel 'n gangbare beeld van wat in die NGK gebeur en geleef het, bied. Dié hipotese moet gekwalifiseer word. Die "gangbare beeld" wat uit die verf kom, veronderstel dat daar van die NGK sprake sou kon wees. Twee opmerkings egter: met die gebeure van 1862 in gedagte, moet verwag word dat die NGK in die Kaap uiteraard makliker toegang tot die bladsye van die GKB en DC sou hê. Nietemin is die tydskrif in die Transgariep versprei, en het dit tog kerklike brokkies en selfs amptelike nuus uit daardie oorde gedra. Tweedens werk 'n "gangbare beeld" met 'n tipering van 'n "hoofstroom" in die NGK. Alhoewel kerkhistoriografies behulpsaam, moet sodanige tipering altyd waak teen veralgemening en vereenvoudiging. In só 'n "hoofstroom", en daarnaas, het persoonlikhede en rigtings in die NGK geleef wat ten minste op 'n kleurrykheid van die genoemde "beeld" aandring. Stemme wat soms in die sinodale minderheidsgroep was, maar tog in eie tydskrifte aan die woord gekom het. Godsdienstige tydskrifte soos *Elpis* (1857-1861), *De Wekker* (1859-1925), *De Onderzoeker* (1860-

<sup>3</sup> In 1876 sou dié rubriek volle amptelike status kry toe dit aan die Aktuaris, ds. AD Lückhoff, toege wys is (GKB 28/12/1876:422). Besluite in dié rigting is wel al in 1859 en 1873 geneem.

1884), *De Getuige* (1880-1903) en *Gereformeerd Maandblad* (1892-1920) is dus eweneens primêre bronne wat die "gangbare beeld" kleurryk maak. En ten opsigte van die NGK in die Vrystaat en die ZAR ook *De Fakkel* (1876-1909) en *De Vereniging* (1892-1910). Nietemin kan met redelike sekerheid gestel word dat die GKB en DC, as "officieel orgaan", 'n bruikbare sleutel bied waarmee die geskiedenis van die NGK in hierdie tydperk ontsluit kan word.

Die artikel kan allermins 'n gedetailleerde oorsig van die inhoud of medewerkers in dié jare bied, maar wil 'n tipering van die tydskrif en die inhoud daarvan waag.

## 2. DIE GEBOORTE VAN "DE GEREFORMEERDE KERKBODE" - 1849

Die *Prospectus* in die eerste nommer van dié "Gereformeerde" tydskrif, vermeld die gebrek aan "Godsdienstkennis" by diegene wat, veral in die buitedistrikte, selde van die "openbare genademiddelen" gebruik kon maak.<sup>4</sup> "Eenige Leraaren in en nabij Kaapstad", onder leiding van Dr. Abraham Faure, wou die behoefte aanspreek deur elke tweede Saterdag 'n tydskrif van 16 bladsye die land in te stuur. Aldus die *Prospectus* wou die blad oor "de Godsdienst", "de Bijbel" en "de Kerkelijke Geschiedenis" skryf, en nuus oor "vrome menschen", die sending, "Protestantsche Kerkgenootschappen", die skoolwese en binnelandse kerknuus bring. Die "Leeraars deze volksplanting" is tot ondersteuning opgeroep - ook om die blad by lidmate aan te beveel.

Die eerste uitgawe het die koers aangedui: GWA van der Lingen "Over dat, hetwelk aan onze kerk ontbreekt"<sup>5</sup>; Faure self met 'n kritiese resensie van U Lauts se *De Kaapsche Landverhuizers* (oor die NGK se houding jeens die Trekkers)<sup>6</sup>; en 'n bladvulling van die predikant-diger van die Nederlandse Réveil, Nicolaas Beets.<sup>7</sup> Enersyds is "de Gereformeerde Kerk in

<sup>4</sup> 13/1/1849:1 (Al dié verwysings is uit die GKB en later DC).

<sup>5</sup> 13/1/1849:2-8. In die uitgawe van 24 Maart reageer "Een vriend van Waarheid" met "Verlichting is vooruitgang..." - 'n vroeg aanduiding dat die NGK in 'n land van vele strome was. Dié een egter, sou spoedig in die GKB opduoeg.

<sup>6</sup> pp 8-13.

<sup>7</sup> p 16. Beets se werke sou vorentoe gewilde bladvullings hied.

Zuid-Afrika" teen 'n doodslaap en die sluipende invloed van die "Europeesche verlichting" gewaarsku, en andersyds is daar vir dié kerk ingetree as in lyn met "de leerstukken der Dordsche Synode". Die GKB wou vorentoe "die zuiverheid der Christelike leer" koester.

Die drukkers van die GKB verdien vermelding. Die firma Van de Sandt de Villiers sou tot in 1910 hiervoor instaan - en daarvoor is groot waardering uitgespreek. Tog val die "stalmaats" van die GKB op: die "regssinnige" *Elpis* èn die liberale *De Onderzoeker* wat soms venynig met die GKB gehekkel het!<sup>8</sup>

### 3. IN DIE GEES VAN ABRAHAM FAURE TOT 1875

Die karakter van die GKB sou onder die hand van Abraham Faure hou by die koers wat in die eerste uitgawes ingeslaan is. Ten minste tot aan die begin van die sewentigerjare. Ná 1869 was Faure net raadgewer en medewerker<sup>9</sup>, en na sy dood in 1875 het die blad oorgegaan in die hande van die uitgewer, JD Marquard.

Die GKB was in die dekade of wat ná 1860 getuie in die "liberale stryd". Artikels wou die liberalisme ontmasker<sup>10</sup>, daar is gevra "welk gedeelte van den Bijbel als het Woord van God" beskou moes word<sup>11</sup>, verslae oor die handelinge van kerklike vergaderinge met die liberale dominees is geplaas<sup>12</sup>, hul kritiese profete is teen die Christelike erfenis afgespeel<sup>13</sup>, en polemiese publikasies is entoesiasties bekendgestel.<sup>14</sup> Die belydenisskrifte was in die

8 Dié blad is kil deur die GKB ontvang (11/2/1860:47). Die heer BJ van de Sandt De Villiers se sakevernuis en die hoë agting wat hy geniet het, was klaarblyklik die rede vir sukses - t.s.v. sy lidmaatskap van die Vrye Protestantse Kerk van DP Faure, die Kerkverdedigings Genootschap (bolwerk van die Liberale Rigting), en van die Vrymesselary! (SABW II:185)

9 Anders as wat Booyens aanneem (1993:5), was Faure nie tot in 1875 redakteur nie - vgl. die huldeblyk aan hom in die uitgawe van 3/4/1875 (pp 100-104), ook HA Heyns (SABW II:295).

10 Bv. "Wat is Liberaal?" (28/6/1862:201-202).

11 11/2/1860:41-48.

12 Die hele uitgawe van 17/9/1864 (pp 289-304) is bv. aan die saak van Ds. Kotzé in die Hooggereghof, gewy!

13 Bv. JJ Kotzé in 'n bydrae oor DF Strauss wat "in zijn ongeloof gestorven is" (22/8/1874:257-261).

14 *Leerredenen over de Hedendaagsche Dualiteit* (NJ Hofmeijer, 11/4/1868:123); *Het Moderne Ontgeloof* (A Murray, 5/12/1868:395).

spervuur: hul ontstaan is toegelig<sup>15</sup>, en die dilemma met Ord. 7/1843 is bespreek. 1874 het die uitgebreide reeks, "Van Alphen's Gronden zijner Geloofsbelijdenis opengesleg voor zijne kinderen", deur dr. JJ Kotzé (Richmond) beleef.<sup>16</sup> Teen dié tyd egter, was die kerklike stryd teen die liberale dominees eintlik al aan't afloop.

In hierdie stryd was die lotgevalle van die Hervormde Kerk in Nederland dikwels 'n aanskouingsles<sup>17</sup> - "eene allersmartelijkste" beeld. Cachet sou dit selfs uitdruk as dat alleen "de Heere geve uitkomst. De Kaapsche Kerk spiegele zich aan hare moeder in Holland."<sup>18</sup> Die "Leidsche Academie" waar Prof. Scholten doseer het, is "het Paradijs der Modernisme" genoem.<sup>19</sup> Die GKB se bronre was veral *De Heraut*, *Kerkelijke Courant* en die *Kerkelijke Weekblad* - berigte is soms in geheel daaruit oorgeneem. Dit het die voormanne van die Réveil in Kaapse huise bekendgestel: Da Costa, Capadose, Groen van Prinsterer.<sup>20</sup> Bekende leraars soos WM Robertson, DPM Huet<sup>21</sup> en FL Cachet<sup>22</sup>, se brieue uit Nederland is geplaas, en het die kerklike toestande aldaar aan lesers uitgelê. Die werksaamhede van die Confessionele Vereniging<sup>23</sup>, die Utrechtse Sendingvereniging en die Evangeliese Alliansie<sup>24</sup> was verblydendetekens in dié "donkere tijden". Die

15 Die NGB (19/4/1862:118-124); die Heidelbergse Katechismus (21/8/1863:91-93) en Dordt (21/3/1868:27-28).

16 24/1/1874:19-28 e.v. Van Alphen (1746-1803) was prokureur-generaal in Utrecht en deur die Duitse Piëtisme beïnvloed.

17 "O mogt onze Gereformeerde Kerk de oogen openen" (11/2/1871:47); en "zie hierin de vrucht van het Liberalisme en de Modern Theologie in Holland en wake!" (29/6/1872:202).

18 Brief uit Nederland, 18/6/1874:186-188.

19 1/2/1868:43. Lesers het vroeër teleurgesteld van sy *Leerredenen* verneem (25/9/1858:317), versoeck dat sy heweringe weerlê moet word, en die GKB bedank vir 'n liefde vir die waarheid en die "Gereformeerde leer" (23/10/1858:845-846).

20 Sy optrede by die Evangeliese Alliansie (1867), is deur dr. E de Pressensé beskryf as dat "de beroemde geschiedschrifwer.. eene redevoering uitsprak, die meer een daad was dan een woord" (21/12/1867:425-427).

21 Vroeër Pietermaritzburg se Hollandse leraar; in 1866 as "reizend prediker" deur die Confessionele Vereeniging beroep. Toe reeds 'n gewaardeerde medewerker van die GKB, veral versus die liberales.

22 Omstrede predikant uit die ZAR; ook eers reisende leraar van die CV; in 1874 in die Hervormde kerk te Nieuw-Loosdrecht bevestig. Daar het hy vir die "Boeren" ingetree, soos ook in die GKB berig is (30/5/1874:172).

23 Vir "confessionele Gereformeerden" (18/8/1866:269).

24 Faure en CW Stegmann was president en sekretaris van die Kaapse tak (20/11/1869:378).

program van die Alliansie se jaarlikse "Week des Gebeds" is getrou geplaas. Die name wat vertrou kon word, het aangegroei: Cohen Stuart<sup>25</sup>, Chantepie de la Saussaye<sup>26</sup>, Tholuck, Vinke, D'Aubigné, Lange en Gunning. Die GKB het ook graag vir Doedes en Van Oosterzee<sup>27</sup> oor die Modernisme aan die woord gestel.

Dit lees gevvolglik nie vreemd dat die evangeliese sentimente hier, juis by dié name in Nederland aansluiting gevind het nie. Die GKB het immers na 1860 by die wieg van die "evangeliese rigting" gewaak. Vir baie lesers het nuus oor herlewings in gemeentes as 'n teenvoeter vir die liberalisme gekom. Die GKB het van "Christelijke Conferenties" vertel. Oor heiligmaking en gebed is vroom geskryf. Uit die Engelse wêreld is CH Spurgeon se stem teen die Modernisme gehoor. Sy bekendheid sou groei sodat hy later "dien beroemde Engelschen volksprediker, Mennoniet-Calvinist, individualist in richting, hartelijk-geloovig in gemoed" genoem is.<sup>28</sup> Die aptyt vir die vrugte van die evangeliese rigting het in die vroeë sewentigerjare groter geword. Calvyn is bygehou<sup>29</sup>, en selfs saam met Spurgeon ingespan<sup>30</sup>. "Predikanten Correspondentie" het in 1874 die saak van "Speciale Evangelieprediking" tussen Hemelvaart en Pinkster geopper<sup>31</sup>. Dié rigting is aangemoedig deur

25 Leraar te Rotterdam/sekretaris van die Alliansie. 'n Brief van hom lui o.a.: "Zij (die Kapenaars- JL) zijn afstammelingen van het oude Holland, zonen van onze vaders; gij zijt nog Nederlanders gebleven, en onze hoeders..." (14/4/1866:124-125). Die brief is ingestuur deur A Murray, medewerker in die GKB, en afgewaaridigde na die Alliansie se vergadering in Amsterdam (28/4/1866:141).

26 Uit 'n brosjure van hom: "Alles wat in mij is, wat ik geleerd en gedacht, ondervonden en waargenomen heb, komt op tegen het vandalisme, dat heden tendage zich onder de schoone leuze van moderne theologie in de Nederlandsche kerk openbaart" (12/11/1864:371).

27 Van Oosterzee was hooggeag. 'n Gunstige resensie van hom oor NJ Hofmeijer se preekbundel, *Herinneringswoorden*, het al in 1860 verskyn. Sy leerrede oor "Ongeloof" noem die teoloë van die Modernisme, die nuwe Skrifgeleerde wat Jesus as die Timmerman van Nasaret en nie as Seun van God beskou en wat sy wonders as "onnoontlik" afmaak (17/5/1862:145-146).

28 23/4/1870:140. Vgl. ook 25/7/1865:241 en 28/10/1865:358.

29 Twee artikels van Merlé d'Aubigne oor Calvyn is geplaas, o.a. oor dié se relvansie vir die eityd (18/1/1868:29).

30 11/2/1871:35-41 - 'n reeks oor die predikant en sy amp, waarin Calvyn en Spurgeon "Gezagende predikers" genoem word.

31 24/1/1874:17-19 - met die hede dat "God onder ons mannen wil opwekken zoals Moody in Amerika en De Lille in Parijs." Ook 'n voorstel dat die Sinode 'n "evangelis" aanstel wat soos Moody die typ koring op die land kan maai (25/7/1874:225-231).

wat in die buiteland gebeur het<sup>32</sup>, maar huiwering was ook by Spurgeon<sup>33</sup> en Beets te hoor.<sup>34</sup>

'n Klassieke voorbeeld om die selektiewe wyse waarop die GKB buitelanders in die plaaslike problematiek betrek het, te illustreer, is Abraham Kuyper. Huet verwys in 'n brief na hom as een van die "uitmuntende mannen" van wie se prediking mense "met groote ingenomenheid spreek".<sup>35</sup> In die hitte van die argument tussen Murray en Kotzé (Darling) oor hoe elkander van die Dordtse Leerreëls afwyk, het die GKB "eene voortreffelike preek" van Kuyper oor "De Troost der eeuwige verkiezing" geplaas - 'n saak wat hy "het hart onzer belijdenis" noem.<sup>36</sup> Toe die evangeliese ywer in die Kaap hoog loop, het Cachet oor die Brighton Convention (Junie 1874) geskryf: "de Heer Jezus, is zoo onuitsprekelijk dierbaar geworden aan ons hart. De dagen te Brighton doorgebragt zijn onvergetelik..." En dan vermeld hy Kuyper se leidende rol "om Holland in den zegen te Brighton ontvangen", te laat deel.<sup>37</sup>

Wat plaaslike nuus betref was die GKB inderdaad kerkblad. Amptelike kennismewings, besonderhede oor leraars en hoogleraars se doen en late, en die sending was spyse van die Kaap tot Mariko. Ook in 'n ekumeniese sin: "de Afgescheidene Gereformeerde Kerk", die Skorse Kerk, die Wesleyane, Anglicane, Presbiteriane en die Roomsche Kerk het in die GKB ruimte gevind. Die rubriek "Kerklike Raadvrager" wat die betekenis van die kerklike "Wetten en Gebruiken" vir lidmate wou uitleg, het 'n dilemma verraai - veral oor sittingsreg in die 1870-Sinode.<sup>38</sup> Die Drankkwestie was nog 'n turksvy. Soos wat dit ook later dié jaar met die Sinode die geval sou wees<sup>39</sup>, het die saak van onderwys in 1873 die aandag van die GKB in beslag

<sup>32</sup> "...ondervinding zoowel in Europa als in dit land, heeft ons de waarde geleerd van bepaalde tijden af te zonderen tot bijzonder gehed en arbeid ter behoudenis van zielen" (A Murray, 1/5/1875:129-133).

<sup>33</sup> "Iets over bezwaren tegen herlevingen" (11/7/1874:209-212).

<sup>34</sup> In Pinksteryd. "De Heilige Geest en Zyne Werkingen" in die skepping is bespreek, en sluit: "Wee diegenen die alleen een oogenblikkelijk werk een werk des H. Geestes noemen; ..dic op een wonderlyk werk buiten het Woord, anders dan door het Woord, willen blyven wachten" (29/5/1875:162-164).

<sup>35</sup> 22/5/1869:171.

<sup>36</sup> 15/7/1871:209-212 en 29/7/1871:228-230.

<sup>37</sup> 10/6/1875:232 en 22/1/1876:20-21.

<sup>38</sup> 8/10/1870:329-340.

<sup>39</sup> "de Opvoedings Synode" - vgl. Herdertlike Brief (13/12/1873:397-406).

geneem - "Schoolnieuws" het 'n rubriek geword. 'n Reeks artikels oor "Mary Lyon en de Holyoke Meisjes School" het verskyn, en sou die stigting van 'n "Hugenooten School" in Wellington op dié lees, aanhelp.<sup>40</sup> Uit die jaarverslag van een Ring is egter ook 'n ander aandrang gehoor: "Het is de pligt des Kerkeraads te zorgen voor de opleiding der toekomstigen leden der kerk. Het is een ongunstig verschijnsel, dat de regering niet met de kerk, maar de kerk met de regering meewerk. Geef mij de scholen en de schoolboeken en ik zal u zeggen, wat en wiens de kerk der toekomst zijn zal."<sup>41</sup>

Dit wou voorkom of die ou weg nie meer bevredig het nie. Kommer is uitgespreek dat die GKB "in de meesten gemeenten eene zeer beperkte verspreiding heeft".<sup>42</sup> Buitelandse nuus het korter geword en soms selfs opgedroog. Alhoemer Engelse tydskrifte soos *The Christian, Christian Standard* en *Signs of our Times* het as bronne nadergestaan. Die GKB was in spanning tussen die aksente wat in die NGK hoorbaar geword het. Die Rèveil-gees van vroeër, gelouter in 'n stryd met die liberales, het vir 'n evangeliese rigting plek gemaak. Waar ortodokse stemme dringender oor "leerzuiverheid" opgeklink het, het die Sinode (1870) versigtig gepraat.<sup>43</sup> Die ortodoksie in Nederland is algaande bevreemdend beleef.<sup>44</sup> Twee boekaankondigings in 1875 vat dalk die GKB se posisie raak<sup>45</sup>: *Twaalf Preekens* (R Shand) is as "zeer Calvinistisch, zeer bevindelijk, en daarbij zeer praktikaal" beskryf. En *Mijn Handleiding voor de Godgeleerdheid* (D Postma)

40 25/1/1873:17-19. Sy was model van 'n christelike onderwyseres met die leuse "eerst het Koninkrijk Gods en daarna alle wetenskap en wijsheid". Ook 12/7/1873:212-215.

41 WP de Villiers as Onderwysinspektor, Ring van Beaufort-Wes (19/5/1874:302-303).

42 13/12/1873:412. Teen 1875 was dit minder as 1000 uit 85 000 lidmate van die NGK (11/12/1875:398).

43 8/4/1870:97-104. Die stryd was teen "het Ongeloof", maar die Sinode waarsku dock teen die "dor en verstandelijk naspreken van de belijdenis. De geschiedenis leert ons, dat vaak eene doode orthodoxie de overgang is tot de loochening der waarheid." Die Belydenisskrifte moes daarom herlees en biddend aan Gods Woord getoets word. Togg sou die GKB later na "onzer Orthodoxe Synode" verwys (11/2/1871:46-47).

44 Cachet uit Nederland: "De ultra-orthodoxen heffen niet de gewone rechtzinnigen weinig te maken.. Ik geloof niet dat er in onze kerk in Afrika één predikant is die in Holland voor orthodox zou deurgaan.. Bidstonden, opwekking, zending is bij hen nog al te dikwijls 'allemaal menschen werk'. De dus genoemde 'Evangelisch partij' kan niet tot de orthodoxen gerekend worden" (3/4/1875:104-105).

45 16/10/1875:320-321 en 11/12/1875:389-390, onderskeidelik.

as 'n "zeer getrouw" weergawe van "de oude Calvinistische kerkleer". Maar, waarsku die GKB, wees bedag op "bedilzieke vromen" wat - soos in Holland - "nog meer Calvinistisch dan Calvijn" wou wees.

Voor die dood van Dr. Faure het sy tydskrif alreeds nuwe weë oorweeg. Daarna sou die "officieel orgaan" op 'n nuwe weg gaan.

#### 4. IN DIE WOESTYN, 1876-1879

Op 'n weg deur die woestyn het die GKB gekwyn: aan ondersteuning<sup>46</sup> en aan inhoud.<sup>47</sup> Tydskrifte soos *De Fakkel*, *Christian Express*<sup>48</sup>, *The Little Light of Basutoland*, *Berichten van de Utrechtse Zendingsvereeniging* en *New York Evangelist* was bronne waarvan die GKB graag gebruik het. Die 1876-Sinode was besorg, maar tog is gemeen dat dit "doorgaans in den geest der Kerk" is.<sup>49</sup> Teen Desember 1879 egter, ten spyte van 'n nuwe formaat, is die einde van 'n era aangekondig. Omdat die naam *De Gereformeerde Kerkbode* 'n albatros om die nek geword het?

Die evangeliese rigting het 'n eie bediening in gemeentes, Ringe en op Sinodale vlak geïdealiseer. Ds. A Murray was entoesiasties: sy "Handleiding" wou lidmate help om die doel van Pinkstertyd - "vervuld zijn met den Heiligen Geest"<sup>50</sup> - te bereik. Daarvoor het die 1876-Sinode die deur geopen toe besluit is om 'n Evangelis "tot den arbeid van Speciale Evangelieprediking, met het oog op de bekeering van zondaars" aan te stel.<sup>51</sup> "Bijzondere diensten" is aangemoedig.<sup>52</sup> Selfs Kuyper is aan die hare by-

46 Intekenare het tot onder 850 gedaal - in baie gemeentes net die scriba, op rekening van die Sinode! (15/2/1879:agerblad).

47 Klagtes oor die magdom artikels wat uit ander tydskrifte oorgeneem is, is deur die uitgewer met verwyle oor swak samewerking beantwoord (ibid). Ene M wyt die swak ondersteuning aan "de soort van lectuur" waarmee die GKB in die laaste jare gevul was: "Neem een Kerkbode uit den tijd van Dr. A Faure en vergelijk met de teenwoordige.. Toen was er nog iets in te lezen, maar nu..." (6/12/1879:405-407).

48 'n "Missionary News" wat te Lovedale uitgegee is (5/2/1876:26).

49 23/12/1876:422 - Ds. Stejtler.

50 18/5/1876:145-150.

51 26/5/1877:174-175.

52 "Bijzondere" hetekken vir Murray geen "nieuw Evangelie", maar 'n spesiale tyd ("nu moet ik mij bekeren") en 'n "aanhoudende herhaling van de roepstem tot bekeering en geloof" (5/7/1879:217-220).

gesleep om te sê: "Een ander die zaait en een ander die maait - O, heft uw oogen dan toch en aanschouwt, ouders, herders, leidslieden der kuddel *ziet toch de velden zijn wit! Het is reeds de ure des oogstes!*"<sup>53</sup>

Die GKB het met bladvulling en anekdotes 'n dissipelkring vir die herlewing opgebou: Pearsall Smith, Lord Shaftesbury, Bonar, Samuel Gobat, Talmage<sup>54</sup>, Finney, George Müller en Funcke. Meer as hul almal egter, was Moody en Sankey<sup>55</sup>, en die geliefde dissipels: eersgenoemde se *Lewenswoorden*<sup>56</sup> en preke van laasgenoemde is instemmend aangehaal.<sup>57</sup> Piëtistiese stukke soos "Per Spoortrein naар den Hemel" is tipies vir hierdie tydperk.<sup>58</sup> Maar die GKB wou ook die band met Calvyn en die Hervorming vashou.<sup>59</sup> Dit bevestig Murray se brieve oor sy bywoning van die Presbiteriaanse Konsilie in Edinburgh: hy was aangenaam verras met die moed en bekwaamheid waarmee "het oude Calvinisme, en het echt Presbyterianisme, als beide waarlijk Bijbelsch" deur onder andere Schaff, A Hodge en Brummelkamp uiteengesit en verdedig is.<sup>60</sup>

Wat is Calvinisme? - 'n "sterk gekleurde" variasie is aldus die GKB by die "grote Christelijke Conferentie" te Potchefstroom verkondig toe die vraag of Christus vir alle mense gesterf het, bespreek is.<sup>61</sup> Terselfdertyd was daar egter ook groeiende sensitiviteit oor die gereformeerdeheid van die NGK - soos wat die verhouding tussen die GKB en dominee SJ du Toit sou uitwys. Vier van sy publikasies is in 1876 in die GKB bekendgestel: *De Christelijke School, in hare verhouding tot Kerk en Staat; Het Eeuwig Evangelie, Rede bij de Vergadering der Z.A. Bijbelvereeniging; De Teekenen der tijden en ónze roeping*<sup>62</sup>; en *Ontstaan van de gemeente Noorder-Paarl*. Die GKB het die

53 5/7/1879:225-227, GKB beklemtoning.

54 15/4/1876:113-116. Die GKB beveel by dié artikel aan dat lesers die boek van J McPherson, *Revival and Revival Work, a Review of the Labours of Moody and Sankey* sal lees om hulself op hoogte met die aard van herlewing te stel.

55 Selfs 'n voorstel om hul na Suid-Afrika te nooi (9/6/1877:192).

56 21/7/1877:230-231.

57 Bv. 26/4/1879:135-137 en 19/7/1879:242-243.

58 2/8/1879:251-254. Die GKB meen dat om dié allegoriiese droom te verstaan, die leser *Pilgrim's Progress* (Bunyan) moet ken, soos trouens "iedereen behoord".

59 Bladvulling van Calvyn, Luther, Melanchton en selfs Augustinus.

60 9/6/1877:182-186 en 29/9/1877:307-315. Brummelkamp het op Dordt as "vereeniging van Presbyteriaansche kerken" gewys.

61 8/6/1878:176-180. Die verhouding van "blanken en gekleurden" en die seën wat die verkondiging van die Evangelie aan Ig. inbou, was ook ter sprake.

62 4/3/1876:70; 16/9/1876:317 en 9/12/1876:410-413 onderskeidelik.

eerste twee versigtig aanbeveel, met laasgenoemde is oor feitelike interpretasie verskil. Dit was egter oor *De Teekenen der tijden* dat die GKB uitgesproke was<sup>63</sup> - soms selfs sarkasties.<sup>64</sup> Sy reeks toesprake in die Paarlse Gymnasium (later ook Kaapstad) oor die "Onvervulde Profesieë" het in 1878 baie aandag getrek.<sup>65</sup> Maar die vervreemding tussen die GKB en Du Toit was nie te besweer. Oor die prospektus van *De Getuige* was die kommentaar koel: "Wij kunnen het ons niet ontveinzen dat er iets is in den toon van het Prospectus dat ons niet aanstaat.. een geest van wantrouwen en veroordeeling tegen de leeraars onzer Kerk."<sup>66</sup> Teen 'n waghond wat self die skape gaan verskeur, is gewarsku.

Die rubriek "Uit het Zendingveld" is goed ondersteun en deur 'n nuwe belangstelling aangevul: Cachet het terug in die Kaap vir die "zending onder Israel" gewoeker.<sup>67</sup> In 1878 het dr. JJ Kotzé 22 artikels oor "Mijne indrukken van Palestina of het Heilige Land" versorg. "Schoolnieuws" was steeds die GKB se erns - oor die Good Hope Seminary, die Rhijnse Instituut, die Paarlsche Dames-Seminarium, Beaufort-Wes en die Hugenoten-School. A Murray skryf oor laasgenoemde dat "het Woord van God zal zijn de grondslag van geheel de opvoeding" terwyl godsdiensonderrig "in overeenstemming met" die kerk se belydenis sou wees, maar met "Holyoke Seminary" as model.<sup>68</sup> Vir WP de Villiers egter, was, "gelijk ook Christene in Holland", die "grondbeginsel van Christelijke opvoeding en onderwijs" die kerklike onvervreembaarheid daarvan - waarvoor hy in die Wetgewende Vergadering sou beding.<sup>69</sup> Twee aksente en twee oorde van verwysing.

63 Du Toit se suggestie dat 'n ongesonde vroomheid die NGK binnesluip en op aansluiting by die evangeliese "partij" as heilsnoodsaaklik aandring, was veral ongewild.

64 Bv. sy standpunt oor Afrikaans ("een brahbetaal" - GKB): "Had ds. du T. voor 18 eeuwen geleesd, dan had hij waarschijnlijk de schrijvers van het Nieuwe Testament op de vingers getuik wegens hunne verachting van hunne moedertaal, de heilige Hebreeuwsche taal..."

65 Die CKB was nogals positief hieroor, en berig dat dit "zeer talrijk werd aangehoord", o.a. deur Di. Murray en Robertson (27/4/1878:135).

66 22/11/1879:403.

67 As voorsitter van die Sinodale kommissie hiervoor (22/1/1876:21). Finansiële state wys die wye ondersteuning wat hierdie aksie geniet het, ook in Vrystaat en Transvaal (16/2/1878:45-58).

68 8/2/1877:41; 13/10/1877:341-342. Met 14 onderwyseresse vandaar (25/10/1879:353) wou hy "het geheele stelsel naar onze hodem over planten" (13/10/1877:333).

69 27/09/1879, pp 317-319.

Nuus uit Nederland was skrapser - enkele kort brokkies oor die tekort aan predikante, kerkrade en gemeentes se reaksies op hul moderne dominees, en oor die verdeling van gemeentes in ortodokse en moderne parogieë.<sup>70</sup> Die *Bazuin* was bron vir nuus oor President Paul Kruger wat te Kampen deur onder andere Ds. Bavinck ontvang is, en sy rede om studente oor die godsdienstige toestande in Transvaal in te lig.<sup>71</sup> Want die GKB het wel, versigtig en op 'n afstand, die gebeure ná 1877 in Transvaal gevolg - vanwaar 'n brief van ds. HS Bosman na "onze rechzinnige en bijbelgezinnde boerenbevolking" verwys het.<sup>72</sup>

Dit was 'n tyd van verandering.<sup>73</sup> Lidmate het gevoel dat die GKB nie meer "de belangstelling opwekte die een Tijdschrift onzer Kerk verdiende" - aldus ds. A Murray.<sup>74</sup> Daarby die behoefté aan 'n Sondagskool-tydskrif en 'n blad in die gees van die "bijzondere diensten", soos "het Engelsche blad *The Christian*". Hy is deur die nuwe hoogleraar aan die Kweekskool gesteun: die groot gebrek aan kennis by lidmate oor Gods Woord, "omtrent onze eige Kerk", "ook de Zending is helaas! nog zoo onbekend", en "omtrent die geschiedenis van den dag" moes gespreek word.<sup>75</sup>

## 5. OM 'n CHRISTEN VOLK TE VORM (1880-1883)

*De Christen* het as *Weekblad voor Kerk en Maatschappij* verskyn - 'n naam wat met reg gedra kon word. Lidmate is deur stof wat "meer direct Godsdienstig" was gehelp om te "verstaan hoe heerlijk het geloof, de voorrechten, die plichten van de leden dier Gereformeerde Kerk zijn". Maar die amptelike nuus (onder die titel *De Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika*), "belangrikste nieuws van land en volk", skoolsake en eietydse gebeure in die wêreld was eweneens belangrik.<sup>76</sup> En deur die lesers gewaardeer - gunstige terugvoer, die briewekolom en die verspreiding tot in Natal en die

70 4/3/1876:87 en 26/4/1877:138-139.

71 22/12/1877:438 - tydskrif van die Christelijk Gereformeerde Kerken (Afskeid).

72 1/9/1877:278-281.

73 Nie almal sou verandering verwelkom nie (DC 9/1/1880:17).

74 25/10/1879:353-354.

75 JI Marais, 6/12/1879:407-412.

76 "Naast de Kerk staat de School als Gods genademiddel tot vorming van een Christen volk..." (Prospectus).

ZAR sou dit bevestig.<sup>77</sup>

DC was inderdaad die tydskrif waarin die evangeliese rigting hul boodskap teologies verwoord het. Die inklusiewe vertolking van die Gereformeerde leer het voortgeleef. Só meen die redaksie dat "het wordt tijd voor Christenen om hun licht te laten schijnen ... binnen elken kring waar christelijke beginselen kunne worden toegepast", maar die grondeis daarvoor was steeds bekering.<sup>78</sup> Van prof. J Murray volg 'n reeks oor die vraag, "Wat is Gereformeerd?" Kenmerk hiervan is "hare opvatting van de leer der genade ten aanzien van 's mensen vrijen wil, ten aanzien van de predestinatie".<sup>79</sup> Dan: "Ik ben Gereformeerd"<sup>80</sup>, wat nie beteken "deel te nemen aan een gezuiverde kerkleer", maar "de innerlijke vernieuwing uws gemoeds".<sup>81</sup> Dié teologiese verstaan eggo in die Herderlike Brief van 1880: "Deze hoogheilige leer is menigmaal van vriend en vijand verkeerd verstaan alsof de vrije verkondiging van het Evangelie" en die "bevel Gods tot bekeering onbestaanbaar ware met het ware Calvinisme."<sup>82</sup>

Dié koers sou vervreemding in die hand werk. In *Di Patriot* het SJ du Toit laat hoor: "Hoe smartelijk in den boezem der Ned. Geref. Kerk het Arminianisme openlijk te hooren verkondigen" - 'n "valsche voorstelling" wat die Sinode "verontrust" het. Ten besluite is Du Toit en sy blad vir kwaadstokery blameer, en is die NGK se gehegtheid aan die Gereformeerde belydenis, by name Dordt, opnuut bevestig.<sup>83</sup> Hierna was nuus oor hom skaars, en nie net vanweë sy trek na Pretoria nie.

DC sou ook die tydskrif wees waarin die bediening van die evangeliese rigting aangekondig is. GW Stegmann se ink het graag oor die konferensies en "Voor de Jeugd" gevloeい. Die redaksie het 'n voorstel oor "speciaal huisbezoek om zielen voor Koning Jezus te winnen", gemaak.<sup>84</sup> Dié bediening het musiek nodig gehad en die 1883-Sinode sou daaroor moes besluit. 'n Paar gemeentes het petisies teen "nieuwigheden" in die kerk voorgelê:

77 Sien naamlys van agente (30/3/1883:147-148).

78 16/4/1880:150.

79 21/5/1880:191-192.

80 "Een is uw Meester, namelijk Christus; en daarom noem ik mij liever niet Calvinist.. hoe zeer ik ook instem met de leer van Kalvijn" (28/5/1880:200).

81 Daarom pleit hy: "niets baat buiten de innerlijke vernieuwing van het gemoed door den Heiligen Geest!"

82 26/11/1880:439-442.

83 29/10/1880:413.

84 30/1/1880:37.

"nieue zangwijzen", "de Kinderharp en Sankeys liederen", "het preek van vrouwen" en "het Leger des Heils." DC sou uit dié diskussie die volle rede van WP de Villiers in geheel plaas! - omdat hy die vernuwing van kerksang goedgesind was?<sup>85</sup>

DC sou ook die tydskrif wees wat sy lesers vanuit hierdie evangeliese rigting gestig het. By die kerklike jaar en die dissipels - Moody, Spurgeon, Funcke, Müller, Bonar, Talmage, Beets, Godet, Monod en Gunning - is gehou. Daar is gemeen dat meditasies van Kuyper ook die saak sou sterk: "Bekeer u, o Israel, tot den Heere uwen God toe!"<sup>86</sup> Reekse van A Murray en NJ Hofmeijer was gewild. Dalk is die kern van DC se stigtelike leesstof met die Nuwejaarsboodskap van 1880 saam te vat: "Ziende op Jezus".<sup>87</sup>

Twee sake wat gereeld in DC ter sprake was, was die "Afschaffing", en die "Leger des Heils". Oor eersgenoemde sou Hofmeijer, dr. C Murray en MacGregor die stryd voer en hul gesag aan dissipels soos Moody,<sup>88</sup> Talmage en Cuyler ontleen. Nederland, "dat lieve, roemrike, oude land onzer vaderen" was hierin ook "onderwijzer, raadgever en voorbeeld".<sup>89</sup> Oor die Heilsleer was DC versigtig<sup>90</sup>, maar in sy brieue het A Murray gemeen dat hul erns, geloofsvertroue in die Heilige Gees en hul gebruik van musiek vir die NGK veel kon leer.<sup>91</sup> Kritiek van Spurgeon<sup>92</sup> en die 1883-Sinode is egter

85 28/11/1883:547-548: "Ik ben zoo conservatief als iemand, maar dit kan mijne oogen niet sluiten voor de grove fouten en gebreken der Psalmwijzen.. Mocht de dag niet veraf zijn, dat wij met één hart en één ziel ons zullen vereenigen om den roem van Gods genade en den lof der Zaligmakers met nieuwe liederen en in blijdere klanken te verkondigen!"

86 5/5/1882:205-206, uit *De Hemel*. Hy roep lesers op tot bekering "tot God", en nie tot "zekerin kring der vromen" of tot "een rechtzinnig belijdenis" nie. "Zie, een volk dat inderdaad en waarheid tot den Heere zijn God toe bekeerd is, daar zit pit en kracht in." Hierop sou cne "X" in die volgende DC reageer met: "Moge zulk eene stem als van Kuijper bij niet weinigen weerklank vinden!"

87 2/1/1880:2-3 (Heb. 12:2) - "Drie woorden, maar in die drie woorden het geheele geheim van een gelukkig leven."

88 Sy rede voor die Free Church of Scotland se Sinode is geplaas (3/11/1882:518-520). Vroeër het Hofmeijer per brief oor die druk- en verspreidingskoste van 1000 eksemplare hiervan, navraag gedoen (6/10/1882:470).

89 28/7/1880:282.

90 "De huitensporigheden van deze sekte nemen hand over hand toe.." (4/8/1882:363).

91 17/11/1882:540-542 en 1/12/1882:566-568.

92 Hy erken dat "ik de huitensporigheden van ware zielszoekers eerder goed- dan afkeuren zal. Wanorde is te verkiezen boven fatsoenlijk verloren gaan", maar waarsku dan: "Het doel is prijzenswaard; het middel onhoudbaar.. weest niet

ook geplaas.<sup>93</sup>

DC was begin oor "Zuid Afrika bij den aanvang van 1880".<sup>94</sup> Na die oorloë teen die Xhosas en Zulu's was daar rede vir hoop, maar ook vir voorbidding, want Transvaal was "in beweging" en "ieder verwachte dat de storm weldra zou losbarsten". DC het vir vrede en die kalmering van "het Engelsch en anti-Engelsch gevoel tegen elkander" gepleit.<sup>95</sup> Voorbidding is ook vir die Transvalse leraars gevra, want om voorganger en prediker vir 'n gemeente "in zulk een land en zulk een tijd te zijn, heeft men een dubbele mate van Gods Geest nodig."<sup>96</sup> Uit Nederland is emosionele steun verneem: "om een monsteradres aan Koningin Victoria op te zenden!! in het belang van de Transvalers die in nood zijn, waartoe ook vele broeders in het geloof behooren; Hollanders; dus van ons bloed; Christenen; dus vleesch van ons vleesch en been van onze beenderen."<sup>97</sup> Toe die storm - na 'n lang swye in DC - losbars, is lesers deur brieve van Ds. WA Alheit "van het Oorlogstoneel" ingelig.<sup>98</sup> Die *Memorandum* van die NGK wat by die Goewerneur vir die herstel van die Transvalse onafhanklikheid gepleit het, het op 'n "gemeenschappelike nationale afkomst en godsdienst" gewys. Hy is van die kerk se voorbidding "op dit hachelijkste tijdstip der geschiedenis van Zuid Afrika" verseker.<sup>99</sup> Ná die vrede is lesers tot "een dag van algemeene dankerkentenis" opgeroep.<sup>100</sup>

'n Nasionalisme het in DC ontwaak: 'n aandrang op kerkvereniging, reisverslae van deputasies van die Kaapse kerk. Eerw. JC Pauw skryf "Aan den Jongelingschap" oor 'n volksontwaking: as die Heilige Gees daarvan besit sou neem, "dan wordt het een krachtig, vruchtbaar, heilig, Godgewijd volksleven." Hierin is die NGK 'n band sterker as enige politieke konfederasie: "Hollandsch in oorsprong, Hollandsch in taal, Hollandsch in vorm van eeredienst, Hollandsch (immers Dordtsch) in leer. Zij is de Nationale

verbaasd indien uwe wijze van handelen allen godsdienst in minachting breng!" (5/10/1883:466).

93 26/10/1883:493-495.

94 1879 "zal in die geschiedrollen van Zuid-Afrika altoos getekend staan als met rouw, schande en vrees bekleed..."(2/1/1880:7-8).

95 9/1/1880:16.

96 30/1/1880:39.

97 27/2/1880:78 - uit die Nederlandse blad, *Wektem*.

98 Bv. 31/12/1880:457-458 - ietwat geromantiseerd.

99 25/2/1881:95.

100 1/4/1881:144.

Kerk van Zuid Afrika" - 'n kerk met 'n sendinggroep.<sup>101</sup> Die toesprake van die Kweekskooldosente by die Stellenbosche dankdag vir die vrede, is in geheel geplaas. In sy "De ware Vaderlandsliefde" bied Marais 'n volkerekouing en vra vir versoening.<sup>102</sup> Hofmeijer het oor die toekoms van die land gepraat: "'t Was tijdens den Transvaalschen Vrijheidsoorlog, alsof alle Hollandsch-Afrikaansche harten in geheel Zuid Afrika tot één hart waren zamengesmolten, en één levenspols er in trilde. Ik zie hierin Gods vinger..."<sup>103</sup> Hy sou 'n "evangelizatie-fonds" vir Transvaal loods. In Nederland het Cachet weer die beskuldiging dat "de Boeren vijanden der Zending zijn", weerlê, dog wel met realisme.<sup>104</sup>

DC het 'n sterk historiese bewussyn openbaar - waarskynlik onder Marais (as redaksielid) se invloed. Oor die geskiedenis van die Waldense is 'n reeks van 28 aflewerings deur GW Stegmann versorg.<sup>105</sup> Die 400-jarige herdenking van Luther se geboortedag het verskeie artikels uitgelok. 'n Paar was uit die pen van die sendeling GJ Willemse - een van die getrouste medewerkers wat die blad oor die volgende twee dekades sou hê.<sup>106</sup> Maar dit was by uitstek Marais: sy rede by die viering van Stellenbosch se Tweede Eeu fees in 1880, "Ons Voorleden en ons Heden" (teks: Ps. 116:12); sy verklaring van die naam "Hugenoot"; sy reeks oor die wordingsgeskiedenis van "Onze Belijdenisschriften"; sy openingsrede by die "Opleidingskool" te Wellington oor die plaaslike geskiedenis van onderwys en opvoeding; en sy rede voor die Sinode van 1883 oor die sendinggeskiedenis in Suid-Afrika.<sup>107</sup> Dit het lesers aan inbeelding en singewing gehelp. Ewe gewild was sy stigtelike bydraes - en o.g.v. sy akademiese deeglikheid kon lesers sy bronne eien: *Reformierte Kirchenzeitung*, Van Oosterzee, Theal se *Chronicles of the Cape Commanders*, die *Expositor*, *De Heraut*, en *Uit het Woord van Kuyper*.

DC het ook na sy oogmerk rakende die wêreld gestreef. Onder die hoof

101 18/3/1881:128-130.

102 19/8/1881:383-386 - Rut 1:16: "Uw volk is mijn volk, uw God is mijn God."

103 26/8/1881:394-397.

104 1/9/1882:412-413, uit *De Heraut*. Hy het voor die Christelijk Nasionaal Zendingsfeest te Heilo opgetree.

105 14/1/1881:15-18 - vertaal uit *The History of the Waldenses*. Hy wou Protestantse aanmoedig om hulself teen "le dwaling der Roomschens te handhaven."

106 Behalwe die gereelde rubriek *Voor de Kinderen*, ook skrywer van hydraes oor geskiedkundige figure, die onderwys en uittreksels uit *De Heraut* (30/4/1880:167; 3/3/1882:102-103; 29/11/1883:549).

107 2/11/1883:504-508 - "Zending is echt Afrikaansch..."

*Buitenland* begin DC: "De toestand van Europa is bij het begin van 1880 niet bevredigend."<sup>108</sup> Toe oor 1882 teruggekyk is, was die anonieme skrywer steeds van mening: "Van Rusland tot Spanje, van Engeland tot Turkije was die geest des oproers aan het werk."<sup>109</sup> 'n Gevoel van "matheid en zatheid in Staatkunde en in Maatschappij" het oor die wêreld gehang.<sup>110</sup> Nuus uit Nederland was, in vergelyking met die Engelse godsdienstige wêreld, yl. Prof. Van Oosterzee se dood<sup>111</sup> en die aanstelling van Bavinck, Lindeboom en Wielinga te Kampen, is berig.<sup>112</sup>

Oënskynlik uit die bloute het die aankondiging van dr. JJ Kotzé - wat baie min in DC geskryf het - gekom: die 1883-Sinode het besluit om "een Kerkelik Blad" met die naam "De Kerkbode, het Weekblad der Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika" uit te gee, as eiendom en onder toesig. Hyself sou saam met di. AI Steijtler en PA Strassheim as redaksie dien.<sup>113</sup> DC het gegroet: "Wij houden ons verzekerd, dat meer dan een lezer met droefheid afscheid neemt van ons blad..."<sup>114</sup>

## 6. VERANTWOORDING

Die GKB en DC bied inderdaad 'n gesaghebbende sleutel tot die geskiedenis van die NGK aan die Kaap - met die tydperk 1876-1879 in 'n ietwat dowwer spieëlbeeld.

Die suksesverhaal van die GKB in Faure se tyd het 'n geheim. In dié jare is die blad gedra deur die persoonlike ideale van 'n "vader". Só sou DC weer onder die visie van 'n groepie begeesterdes groei. Die blad se lewensverhaal is dus nou verweef met dié figure se vertolking van die NGK se storie - of om dit eientyd te stel: dit was self 'n rolspeler in daardie storie. 'n Rigit het 'n greep op die kerk en die "officieel orgaan" gekry, en dit uiteindelik oorgeneem. Daarmee saam het Nederland en Nederlandse bronne plek

108 2/10/1880:8.

109 9/3/1883:105-106.

110 2/3/1883:92-94.

111 1/9/1882:413 en 22/9/1882:446: "De naam van prof. Van Oosterzee zal ook in Zuid Afrika lang in zegenend aandenken blijven."

112 1/12/1882:568.

113 14/12/1883:582.

114 28/12/1883:592-593.

gemaak vir Amerika en Engeland. Hierdie oorname het die blad waarskynlik die meeste lesers in sy bestaan tot met die eeuwisseling besorg. Leserstalle getuig kwantitatief oor die invloed van 'n tydskrif. Was daar dalk ook 'n kwalitatiewe stempel wat die GKB en DC se beskouings oor die kerk, oor liberalisme en konfessionalisme, oor herlewing, oor die sending, oor Transvaal en die oorlog of oor 'n volk op gelowige lesers afgedruk het?

Die GKB en DC wou nie 'n teologiese tydskrif wees nie - in elk geval nie in 'n streng wetenskaplike of polemiese sin nie. Daarom dat die blad 'n byna weerlose slagoffer van die liberale *Onderzoeker* se teologiese draakstekery was. Toe *Elpis* in 1873 verskyn, was die GKB verheug omdat dáárin ruimte vir teologiese diskussie sou wees, waarvoor "geen plaats is in het officieel orgaan".<sup>115</sup> In 1880 is *Elpis* - nie sonder besware - by DC ingelyf op voorwaarde dat dié voortaan ook wetenskaplike artikels "op het gebied van Kerk en Theologie" sou plaas. Dit sou nie tereg kom nie.<sup>116</sup> Want DC en die GKB het eerder 'n "stichtelike" karakter gehad.<sup>117</sup>

Die een wat dus hierdie godsdienstige blad gaan lees om daarin diepgaande teologiese argumentasie te vind, sal teleurgestel word. Maar wie insien dat die lewensverhaal van dié "officieel orgaan" nou verweef is met 'n kerklike storie, ontdek 'n bron waarin aan 'n tyd en die gees daarvan, sin gegee is. Dit was in die tweede helfte van die moderne neëntiende eeu. Daar is vir regsginnigheid gekies, maar dan in 'n verruimde, bevindelike sin. En hierdie singewing moet kontekstueel en teologies-krities verantwoord word.

Dan karring dié paar gedagtes ook vrae in 'n mens se hart los oor die NGK in die eityd en *Die Kerkbode*.

<sup>115</sup> 8/3/1873:73.

<sup>116</sup> 2/4/1880:124 - by die Kweekskoolreunie is Prof. Hofmeijer se voorstel om weer 'n aparte teologiese tydskrif te bê, met "levendige toejuiching" begroet (26/11/1880:444-446).

<sup>117</sup> JJ Kotzé (Richmond), 30/5/1874:167-168.

## BIBLIOGRAFIE

**BOOYENS B**

1993. *De Gereformeerde Kerkbode* (1849-1923) as bron vir die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

**BRAND HJD**

1971. *Die Kerkbode* en die Raad der Kerken, 1910-1962. BTh Lisensiaat-skripsie, Universiteit van Stellenbosch.

**HANEKOM NJ**

1983. Die beeld van 'n kerk. 'n Teologiese evaluering van die beeld wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk via sy amptelike blad "Die Kerkbode" projekteer. Ongepubliseerde DTh-proefskrif (Praktiese Teologie), UNISA.

**HANEKOM TN**

1977. *Die Kerkbode* 1849-1949. In NGTT XVII (1) Januarie. 1977 pp3-20.

**KRÜGER DW (Red)**

1986. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel II. RGN, Pretoria.

## TYDSKRIFTE

De Christen (1880-1883).

De Gereformeerde Kerkbode (1849-1879).

De Kerkbode (1884).

De Onderzoeker (1860-1884).